

# CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN  
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Augustus 2014

**KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB**

Conrad Esterhuysen	ZS1ES	zs1es@bark.org.za
Jan van der Vyver	ZS1VDV	zs1vdv@bark.org.za
Rassie Erasmus	ZS1YT	zs1yt@bark.org.za
David De Kock	ZS1DDK	zs1ddk@bark.org.za
Olivier van Staden	ZS1OLI	zs1oli@bark.org.za
Fabian Palm	ZR1FQ	zr1fq@bark.org.za

**Gekoöpteerde Lid**

Deon Coetzee	ZR1DE	pib@bark.org.za
--------------	-------	-----------------

**KLUB BULLETINS**

Tyd: Sondae om 07H45  
 Frekwensies: 3670 kHz, 7092 kHz LSB, 145.700 FM & ECHOLINK

**WEBWERF**

Bark.org.za

**FACEBOOK**

facebook.com/bolandamateurradioklub

---

**NUWE LID**

BARK verwelkom graag vir Chris ZS1FA van Glentana as lid van BARK. Chris was jare terug lid van Tak Boland en het nou weer by die wenspan aangesluit.

---

**NUWE BARK KOMITEE EN PORTEFEULJES**

Conrad Esterhuysen, ZS1ES -	Voorsitter
Jan van der Vyver, ZS1VDV-	QSL bestuurder
Rassie Erasmus, ZS1YT-	Tesourier
David De Kock, ZS1DDK-	Sekretaris
Oliver van Staden, ZS1OLI-	Spesiale geleentehede
Fabian Palm, ZR1FQ-	CQ Boland, BARK webblad/facebook

**Gekoöpteerde Lid**

Deon Coetzee, ZR1DE-	Publieke kommunikasie beampte
----------------------	-------------------------------

---

## KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

Graag herinner ek ons lede van ons klub vergadering op 6 September om 11h00, te Voortrekker Saal, Liedla straat, Kuilsrivier. Dirkie Lotz, ZS1X bied 'n lesing aan oor die gebruik van "baluns" en "ununs".

Ek glo ieder en elk kan baat vind, veral die nuwe lede wat met lastige impedansie uitdagings koprap! Vanaf 12h00 sal ons die braaivure aansteek en u is welkom om die vriendelike samesyn van ons Bolanders te geniet. Vriendelike groete, David ZS1DDK.

## BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met E-pos gestuur word.



**Stuur u bydraes aan:**



Redaksie epos: [zr1fq@bark.org.za](mailto:zr1fq@bark.org.za)

### **BARK BULLETINS**

BARK se bulletin word elke Sondag oggend om 07H45 uitgesaai op verskeie frekwensies. Die verskillende frekwensies is gelys bo-aan bladsy 2 van CQ Boland.

BARK is altyd opsoek na nuwe stemme om die lees van die bulletins te behartig. Indien u belangstel om 'n bulletin te lees en/of op te stel, stuur gerus 'n epos aan enige van die komitee lede.

## VAN DIE VOORSITTER

Ek dink almal sal saamstem dat dit moeilik is om te glo dat dit al amper drie maande is sedert ons by Ysterplaat bymekaar gekom het. Die positief daarvan is dat dit al amper tyd is om mekaar weer te sien en ek nooi almal uit om die vergadering op 6 September 2014 by te woon. ZS1X, Dirkie Lotz, gaan 'n insiggewende lesing aanbied betreffende "Baluns" en "Ununs" en ook die funksies van sulks.

Die RTA word 1 November 2014 te Kaapstad aangebied en ek vertrou dat BARK lede goed verteenwoordig sal wees by hierdie spesiale geleentheid. As aansporing om die RTA by te woon het een van ons lede goedgunstiglik besluit om 4 BARK lede se bywoning te borg. 'n Trekking om te bepaal wie se gelde terug betaal word sal na die RTA gedoen word.

Daar word ook oorweeg om ZA6FZ, Frik Wolff, uit te nooi om 'n dag kurses betreffende 'SMD' (Surface Mounted Devices) gedurende November / Desember 2014 aan te bied. Dit kan slegs gebeur as daar genoeg belangstelling is en u word versoek om Rassie, ZS1YT, te kontak indien u belangstel om so 'n kurses by te woon. Soos altyd soek ons na lede wie bereid sal wees om te help met die lees van bulletins. Kontak asseblief vir Rassie, ZS1YT, of Johan, ZS1RX, indien u kan help.

Ek sien uit om u by die volgende ledevergadering te sien. Onthou dat u op hoogte kan bly deur BARK se Facebook blad [facebook.com/bolandamateurradioklub](https://www.facebook.com/bolandamateurradioklub) of die webwerf <http://bark.org.za> te besoek.

## Conradt, ZS1ES

### **BARK OP ECHOLINK**

BARK bulletins word ook nou Sondae oggende via ECHOLINK aangebied.

Die ge-outimatiseerde EchoLink fasiliteit wat van ZS1DCC bedryf word gee outomaties EchoLink toegang na die Sondagoggend BARK bulletin.



Die ZS1DCC-R node kom outomaties 10 min voor die bulletin aan en skakel outomaties 08H10 af om weer opgestel te word vir die Kaapstad bulletin wat daarop volg.

## BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 06 SEPTEMBER 2014

### Aanwysings na die geleentheid:

Vanaf Bottelary pad Brackenfell, draai regs in Amandel Rylaan rigting Kuilsrivier. Hou reguit aan tot u by die tweede kruispad kom.

Draai daar regs in Church straat. Draai by die eerste pad weer regs in Liedla straat. Die Voortrekker Kommando Saal is die tweede gebou van die hoek af aan regterkant.



## HERHALER SAKE

Indien u ook weekliks die Wes- Kaap herhaler verslag wil ontvang, stuur net 'n e-pos aan Rassie Erasmus by [rassie@snowisp.com](mailto:rassie@snowisp.com). Hy sal reël dat jou adres bygewerk word op die verspreidingslys. Die huidige stand van die herhalers word ook gereeld op BARK se Facebook blad gepubliseer.

Indien u ook 'n donasie aan die herhalerfonds wil maak kan u dit direk in die herhalerfonds rekening inbetaal. Stuur 'n e-pos aan een van BARK se komiteelede om die bankbesonderhede te bekom.

## HOE SLUIT EK BY BARK AAN? HOE HERNU EK MY LIDMAATSKAP?

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Ledegeld kan ook tydens ledevergaderings aan die tesourier, Rassie Erasmus, besorg word. Ledegeld is jaarliks betaalbaar gedurende Julie maand. Ledegeld vir 'n gewone lid is R100.00 en vir 'n skoolier of student R50.00

### Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA

Tak kode: Internet – 632005 Toonbank – 334312

Rekening: 042 9720 974



## AMATEURRADIO NEWSLINE

Luister Maandagaande om 19H30 op 145.700 FM na Amateurradio Newsline. Baie dankie aan Andre Fransman, ZS1F wat hierdie opnames aanbied.

## BARK VERGADERING SATERDAG 28 JUNIE 2014



Om 11h00 het die vergadering begin en is die amptelike sake afgehandel. Die nuwe komitee van BARK is verkies. 6 nominasie is ontvang van lede van BARK wat bereid is om die komende jaar op die BARK komitee te dien. Dit was dus nie nodig vir 'n verkiesing nie en die volgende 6 lede is eenparig aangewys as die 2014/2015 komitee:

Hulle is, Conradt ZS1ES, Olivier ZS1OLI, Jan ZS1VDV, Rassie ZS1YT, David ZS1DDK en Fabian ZR1FQ.

Douglas ZS1DUG het aangedui dat hy weens werksdruk eers 'n bietjie moet afstaan. Die voorsitter het Dug bedank vir sy toewyding en tyd wat hy aan BARK afgestaan het. Namens BARK wil ons ook vir Johan ZS1RX en sy span bedank vir al die reëlings. Die AJV is afgesluit met 'n heerlike aansit ete.

### **BARK WHATSAPP GROEP**

Deon Heydenrych ZS1G

BARK het 'n Whatsapp groep - dit word gebruik bv. vir vinnige nuus verspreiding of jy kan daar bekend maak op watter frekwensie jy werk, ens.

Indien u graag by die groep wil aansluit, stuur 'n epos aan [zs1bak@bark.org.za](mailto:zs1bak@bark.org.za) met u versoek en sluit u selfoon nr daarby in.

## INTERNASIONALE VUURTORING NAWEEK

Die Internasionale Vuurtoring Naweek het plaasgevind op 16 – 17 Augustus 2014 en BARK lede het twee stasies gedurende hierdie geleentheid beman. ZS1TB was by Columbine en ZS1BAK by Agulhas. Baie dankie aan almal wat kontak gemaak het met hierdie stasies.

Die basiese doel van die naweek is publieke bewusmaking rakende vuurtorings en ligskepe en die nodigheid van die bewaring en instandhouding daarvan. Dit bevorder terselfdertyd die stokperdjie van amateur radio.

Inligting rakende deelnemers, statistieke en ander interessante feite kan op die Internasionale Vuurtoring/Ligskip webblad verkry word by <http://illw.net/>



Agulhas Vuurtoring naweek 16-17 Augustus 2014





Johan, ZS1RX, agter die mikrofoon. Rassie, ZS1YT doen die log.



Carlos, EA1EBK (Spanje) kom maak kennis met ZS1BAK/L



Andre, ZU1KOK moduleer die ontbyt.



Die 2014 BARK Agulhas Vuurtoring span: Voor- Deon ZS1G. Vlnr: Johan ZS1RX, Rassie ZS1YT, Fabian ZR1FQ en Andre ZU1KOK

**TERUG IN DIE GESKIEDENIS**

Wie is die persoon in hierdie foto? Waar en wanneer is dit geneem? Raai solank en dan sal ons julle die antwoord gee op die BARK vergadering 06 September 2014!

**BALUNS & UNUNS**

Wat is 'n Balun en wat presies doen dit? Dirkie Lotz, ZS1X gaan 'n baie insiggewende lesing aanbied oor hierdie onderwerp by BARK se volgende lede vergadering.

BARK vergader op 06 September 2014 te Kuilsrivier. Moet dit nie misloop nie!

## SONVLEKTELLINGS EN VOORTPLANTING

deur Fabian, ZR1FQ. – bron *Wikipedia*



Die son en HF voortplanting gaan hand aan hand. Elke radio amateur weet maar al te goed hoe “stil” die bande kan wees wanneer daar weinig sonaktiwiteit is. Dit is alom bekend dat die sonvleksijsklus min of meer 11 jaar lank is. Wat wel minder bekend is, is dat met elke opeenvolgende 11 jaar sonvleksijsklus, die magnetiese veld van die sonvleksijsklus omgekeer word. So eintlik is die sonvleksijsklus 22 jaar lank wanneer die magnetiese velde van die sonvleksijsklus in ag geneem word.

Die eerste geskrewe bewyse vir sonvlek waarneming kom van China omstreeks 800VC. Die eerste teleskopiese waarneming van die son het in die 1600's plaasgevind, soos beskryf deur Samuel Schwabe in 1843. Die huidige sonvleksijsklus het in 2009 begin.

Sonvleksijsklus speel 'n baie groot rol in HF voortplanting. Sonvleksijsklus is donker kolle op die oppervlak van die son, wat koeler as die omringende omgewing is. Die formasie van sonvleksijsklus geskied wanneer die son se magnetiese veld verdraai word. Daar is natuurlik meer sonvleksijsklus wanneer die son baie aktief is, en dit produseer dan meer bestraling wat 'n effek het op die aarde se ionosfeer. Die F laag van die ionosfeer word gevorm deur ultraviolet bestraling van die son. Gedurende tye van hoë son aktiwiteit is daar meer bestraling van die son, en dit gee aanleiding tot hoër ionisasie vlakke in die F laag. Dit laat dan toe dat hoër frekwensies beter reflekteer. Byvoorbeeld, gedurende 'n solar maksimum gebeur dit dat die 10 meter band (28 tot 30 MHz) vir lang periodes oop bly, en kontakte kan oor baie lang afstande met relatief lae krag gemaak word. Sonvloed meet die bestraling sein krag by 2800 MHz (10.7 cm golflengte). Dit is rofweg die verhouding tussen sein krag en die hoeveelheid sonvleksijsklus. Die sonvlek telling wissel tussen 0 en 200 met sonvloed gemeet tussen 60 en 300.

NASA gebruik 'n kombinasie van metodes om sonvleksijsklus en aktiwiteit te bereken en te voorspel. Van die mees betroubare tegnieke is die wat veranderinge in die aarde se magnetiese veld meet ten tyde van, en voor sonvlek minimum. Die son is huidiglik in 'n honderd jaar oue sonvlek minimum siklus. Wetenskaplikes het bevind dat hierdie gebeurtenis die gevolg is van “jet stream” diep binne in die son wat stadiger as gewoon deur die son se binneste migreer. 'n Tegniek genaamd “helioseismologie” word gebruik om hierdie stroming te volg, selfs so diep as 7000km onder die oppervlak van die son. Die son wek nuwe stroming op ongeveer elke 11 jaar naby sy pole. Die strome migreer stadig van die pole tot by die son se ewenaar, en wanneer 'n stroom die kritieke breedtegraad van 22 grade bereik, dan begin daar

nuwe sonvlekke vorm. Die wetenskaplikes Rachel Howe en Frank Hill van die National Solar Observatory (NSO) in Tucson, Arizona het bevind (June 17, 2009) dat die stroom wat geassosieer word met die volgende sonsiklus besonder stadig beweeg. Dit het 3 jaar geneem om 'n skamele 10 grade reeks in breedtegraad te dek, vergeleke met slegs 2 jaar in die vorige siklus. Die "jet stream" is stadig maar seker besig om die kritieke breedtegraad te bereik, so dit voorspel 'n terugkeer van hoër sonvlekaktiwiteit in die toekomstige jare.



## AMATEUR RADIO BALLON

deur Fabian, ZR1FQ – *bron theregister.co.uk*

Ek het onlangs hierdie interessante artikel oor 'n amateur radio ballon op die internet gekry. 'n Brit genaamd Leo Bodner het daarin geslaag om 'n ballon, met 'n ultra ligte radio aanboord, reg om die wêreld te laat vlieg. Die ballon is gelanseer op die 12de Julie naby Silverstone en staan bekend as B-64. Die ballon se epiese vlug het dit by tye tot op hoogtes van 13000 meter geneem oor meer as 16 lande en 'n afstand van meer as 25000 km. Die ballon het 'n klein 2m/70cm radio aanboord, gekoppel aan 'n paar ewe klein sonpanele met 'n LIPO battery vir nagtelike gebruik. Die totale gewig van die pakket is 'n skamele 11g.

Die deurskynende ballon wat gebruik is, is soortgelyk aan 'n partytjie ballon met afmetings van 90 x 150 cm. Die ballon is met helium gevul tot onder kapasiteit wat dit toelaat om te styg tot 'n stabiele hoogte sonder om uit te sit tot by die punt waar dit sou bars. Solank die ballon en die elektronika aanboord uithou, is daar geen end in sig vir hierdie ballon nie!

Wat dink die lede van BARK? Moet Boland Amateur Radio Klub nie dalk ook so 'n ballon projek aanpak nie?

